# BOEKBESPREKING

PROF. DR. H. G. STOKER: Beginsels en Metodes in die Wetenskap, Pro Rege-Pers Beperk, 1961, Potchefstroom; prys R2.90.

Hierin het die bekende Potchefstroomse Boekhandel nou prof. Stoker se akademiese lesinge oor die unieke, vir alle graadstudente verpligte, integrerende en fundamentele kursus in algemene werklikheids- en wetenskapsleer aan die Potchefstroomse Universiteit, algemeen beskikbaar gemaak in 'n netjiese linne band van 304 bladsye, gedeeltelik in baie fyn druk.

Behalwe dat daar, vanweë die druk in Nederland, 'n betreklik groot aantal drukfoute ingesluip het, waarvan slegs enkele sinsteurend is, is die uitgawe goed versorg.

Die werkie is bedoel om studente in alle fakulteite en vakke 'n geheelinsig in die grondslae van die wetenskap te gee en so die krisis van die huidige universiteit te help oplos, en wel in Christelik-Calvinistiese sin.

Prof. Stoker beskou hierin die grondslae van die verskillende wetenskappe vanaf die geheelaspek, in die vertroue dat sy kollegas hierdie inleiding tot die wetenskap sal aanvul deur van hulle onderskeie vakaspekte weer op te styg tot 'n korresponderende geheelinsig, soos hulle reeds in hulle kolleges probeer doen.

Prof. Stoker handhaaf hierin sy bekende, besondere kyk op die werklikheid as geheel, waarin hy vier sogenaamde kosmiese dimensies onderskei, in plaas van soos sy Amsterdamse kollegas uit te gaan van die volgens hulle een allesbeheersende modale wetsaspek van die werklikheid.

Volgens hom is die vier onderskeie werklikheidsdimensies in volgorde van oorspronklikheid dié van modaliteite, d.w.s. wyse van bestaan, van subjektiewe struktu-re, van dinamiese gebeure en van waardes. Hieraan knoop hy sy beginselinsig vas in sover as dit alles volgens hom beheers word deur kosmiese wette wat God self in die werklikheid ingelê het.

Soos al prof. Stoker se werk val hierdie een ook op deur die streng logiese struktuur en omvattende greep van besondere verskynsels, hoewel die aard van die werk nie opening gee vir wetenskaplike motivering en verdediging van die stellinge nie.

Studente, jonk en oud, kan hierin dan ook die klaar uitgevorste en deurdagte grondstruktuur vind vir 'n Christelike kyk op die werklikheid in sy saamhangende verskeidenheid van aspekte.

Besonder insiggewend is die duidelike oorsig van wetenskaplike metodes met voorbeelde uit die verskillende wetenskappe en die oorsig oor die vernaamste kosmiese wette en die wetenskappe wat daarop gebaseer is.

Dit is hier nie die plek om prof. Stoker se beskouingswyse te vergelyk met dié van ander Christelike denkers van ons tyd of om die invloede te ondersoek wat van die kant van ander denkers op hom uitgeoefen is nie.

Vermeld moet egter word dat hy meer as enigiemand anders aan my bekend in ons land daartoe bygedra het om die opvatting te laat posvat dat alle wetenskap gefundeer is in 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing en dat daar ook bestaans-

reg is vir 'n Christelike wetenskap wat in suiwer Protestantse sin ten slotte gefundeer is op die Heilige Skrif.

Baie studente het reeds in sy kolleges tot hierdie vaste en verhelderende insig gekom. Hopelik sal nog meer ander ondersoekers deur hierdie publikasie ingelei word tot daardie insig, maar dit sal toewyding en volharding vereis, om dit alles in verband te sien.

Die verskyning van hierdie werk is m.i. vir Suid-Afrika en vir die saak van die Christelike wetenskap 'n groot voordeel.

L. J. du Plessis.